IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Saaknommer: **A307/06**

Datum aangehoor: **28/05/2008**

Datum van uitspraak: 2/6/2008

**In die saak tussen:**

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOE[PASSING IS] NIE

(1) RAPPORTEERBAAR: JA/NEE.

(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: JA/NEE.

(3) HERSIEN.

29/5/08.

DATUM HANDTEKENING

**M.J. MASOMBUKA** Appellant

en

**DIE PADONGELUKKEFONDS** Respondent

---

**UITSPRAAK**

---

**<u>DU PLESSIS R:</u>**

Die appellant was op 30 Oktober 2000 om ongeveer 06h30 die oggend in 'n motorbotsing betrokke. Hy het die een voertuig, 'n taxi, bestuur. Die ander voertuig, 'n bus, is deur ene mnr Mputla bestuur. Omdat hy in die botsing beseer is, het die appellant teen die respondent, in sy hoedanigheid as statutêre versekeraar van die bus, aksie vir skadevergoeding ingestel. By ooreenkoms tussen die partye het die verhoor voor Legodi R voortgegaan om eers net die respondent se aanspreeklikheid te bepaal. Die omvang van die appellant se skade sou dan, indien nodig, later bereg word. Die verhoorhof het

bevind dat die eiser nie bewys het dat die botsing aan Mputla se nalatigheid te wyte was nie, en het dus die appellant se aksie afgewys. Die appellant het nou teen daardie bevel appèl aangeteken.

Die botsing het plaasgevind waar Buitekant- by Kerkstraat in Pretoria aansluit. Kerkstraat loop van oos na wes. Buitekantstraat maak van die suidekant af 'n T-aansluiting met Kerkstraat. Die appellant het voor die botsing met sy taxi van oos na wes in Kerkstraat gery. Die bus het ook in Kerkstraat gery, maar van wes na oos. Dit is gemeensaak dat die bus suid, d.w.s regs, in Buitekantstraat in wou draai. Toe die botsing plaasgevind het, was die bus in die proses om in Buitekantstraat in te draai. Dit is gemeensaak dat albei voertuie aan die regtervoorkant beskadig is.

Die appellant en Mputla was die enigste twee getuies wat onderskeidelik vir die partye getuig het. Volgens die appellant het hy kort voor die botsing by 'n vulstasie sowat 200 meter van die aansluiting af stilgehou om 'n passasier af te laai. Hy het weggetrek en die bus gesien toe hy op die punt was om in die aansluiting in te ry. Alhoewel die bus se flikkerlig volgens hom nie aan was nie, het hy uit ervaring geweet dat die bus van plan was om in Buitekantstraar in te draai. Hy het gemeen die bus sou vir hom wag, soos wat hy moes, en het dus die aansluiting binnegegaan. Die bus het egter teen hom vasgedraai. Sy voertuig is regs, voor die deur en eintlik op die voorste lig, getref.

In kruisverhoor is 'n verklaring wat hy aan sy prokureur gemaak het toe hy nog in die hospitaal was aan die appellant gestel. Daarin het hy uitdruklik gesê dat hy nie weet hoe die botsing plaasgevind het nie, dat hy nie weet watse tipe voertuig hy mee gebots het nie en dat hy eers na die tyd meegedeel is dat dit 'n bus was. Ek meld die teenstrydigheid volledigheidshalwe, maar ek meen dat die appèl bereg kan word sonder om te beslis hoe en tot watter mate die teenstrydigheid die appellant se geloofwaardigheid raak.

In die lig van mnr Muller namens die appellant se betoog, is dit nodig om Mputla se getuienis taamlik volledig op te som. Daar is tydens die verhoor 'n bundel foto's wat van 1 tot 11 genommer is, ingehandig. In die opsomming wat volg identifiseer ek foto's met verwysing na daardie nommers.

Mputla het in sy hoofgetuienis verduidelik dat hy aanvanklik in Kerkstraat, oorkant Buitekantstrat, stilgehou het om vir aankomende verkeer te wag. Hy het die appellant met sy taxi sien aankom. Die appellant het sy flikkerlig aangesit en voor 'n winkel aan die suidekant van Kerkstraat stilgehou en 'n passasier afgelaai. Soos wat Mputla die plek waar die appellant stilgehou het op foto 9 met "X5" aangedui het, het die appellant taamlik naby aan die hoek van Buitekant en Kerkstrate stilgehou. Daar het nog 'n motor uit die oostelike rigting aangekom. Nadat dit verby is, het Mputla, so het hy getuig, begin draai, of soos sy getuienis getolk is "I entered". Direk nadat hy begin draai het ("Immediately after I entered"), het die appellant vinnig weggetrek van waar hy aan die kant van

Kerkstraat gestaan het. Mputla, wat toe net begin versnel het om oor Kerkstraat te beweeg, het probeer rem maar die appellant het in hom vasgery. Nadat hy gevra is om die punt van botsing op foto 10 aan te dui, het hy dit "X6" gemerk. Die perspektief van foto 10 is moeilik, maar dit lyk asof X6 op 'n punt byna aan die noordekant van Kerkstraat is waar die botsing klaarblyklik nie kon gewees het nie. Mputla het gesê hy verstaan foto 9 beter en het die punt toe op daardie foto ook met X6 gemerk. Volgens laasgenoemde merk, het die botsing aan die suidelike kant van Kerkstraat net voor 'n mens Buitekantstraat ingaan, plaasgevind. Dit is nagenoeg ook waar die appellant gesê het die botsing het plaasgevind.

In kruisverhoor is Mputla spesifiek gevra of die bus se neus al in Buitekantstraat was toe die botsing plaasgevind het. Hy het bevestigend geantwoord. Omdat, soos ek later sal aantoon, hierdie antwoord sentraal tot mnr Muller se betoog is, is dit nodig om by die verloop van kruisverhoor nadat die antwoord gegee is, stil te staan. Die agterkant van die bus het op daardie stadium (toe die botsing plaasgevind het) "already entered the street". Om duidelikheid te kry is Mputla toe gevra om op foto 11 die punt van botsing aan te dui. Met "X7" het hy die punt, soos in sy hoofgetuienis, aangedui aan die suidelike kant van Kerkstraat, net voor 'n mens Buitekantstraat ingaan. Nadat hy die punt van botsing op foto 11 aangedui het, het Mputla ook op die foto aangedui waar die appellant aan die kant van die pad gestaan het. Op versoek van die hof het hy met 'n streep aangedui dat die appellant van waar hy gestaan

het skuins in Kerkstraat inbeweeg het. Mputla het gesê dat hy die indruk gekry het dat die appellant vinnig voor die draaiende bus verby wou beweeg. Hy het egter teen die regtervoorkant van bus, by die lig, gebots.

Klaarblyklik gegrond daarop dat Mputla aanvanklik gesê het die bus se voorkant was al in Buitekantstraat toe die botsing plaasgevind het, is dit aan hom gestel dat, toe die botsing plaasgevind het, moes die bus se linkerkant na die appellant gewys het. Mputla se antwoord was dat, as die appellant reguit in Kerkstraat aangery gekom het, sou dit so gewees het. Omdat hy egter skuins uit die suid-ooste aangekom het, het hy in die draaiende bus se regtervoorkant vasgery.

Die verhoorhof het Mputla se weergawe bo dié van die appellant verkies. In betoog het mnr Muller aangevoer dat die verhoorhof in daardie opsig fouteer het. Die betoog was in die eerste plek daarop gegrond dat die botsing nie kon plaasgevind het soos Mputla getuig het nie. Mnr Muller het die betoog soos volg ontwikkel. Dit staan vas dat sowel die bus as die taxi regs voor gestamp is. As die bus reeds in Buitekantstraat in was toe die botsing gebeur het, soos wat Mputla in kruisverhoor gesê het, dan kon die bus nie regs voor beskadig gewees het nie omdat die linkerkant oos sou gewys het. Bowendien, is betoog, is daar 'n paal, 'n vullishouer en 'n kennisgewingbord op die suid-oostelike hoek van die straat. Vir die appellant om die bus regs voor te getref het nadat dit reeds in

Buitekantstraat in is, moes dit oor hierdie voorwerpe gery het wat kennelik nie gebeur het nie.

Ek meen dat die betoog verkeerdelik van die uitgangspunt uitgaan dat Mputla se weergawe was dat die bus reeds in Buitekantstraat was toe die botsing plaasgevind het. Hy het inderdaad op 'n pertinente vraag bevestig dat dit so is, maar as die getuienis in konteks gelees word, het hy klaarblyklik bloot 'n fout gemaak deur bevestigend te antwoord op die betrokke vraag. Soos uit die opsomming hierbo blyk, is hy gevra om sy antwoord toe te lig. Sy toeligting, en veral die aanduidings wat hy op die foto's gegee het, het dit baie duidelik gemak dat die bus volgens hom nog nie in Buitekantstraat in was nie, maar nog skuins aan die draai was toe die botsing plaasgevind het.

Mnr Muller het verder betoog dat Mputla nie geglo moes gewees het nie omdat hy verskillende weergawes gegee het soos wat sy getuienis gevorder het. Ook daarmee kan ek nie saamstem nie. Behalwe vir die een fout wat hy gemaak het, het sy weergawe konstant gebly. Dit, meen ek, is ook uit die opsomming wat ek hierbo gemaak het duidelik. Sy weergawe was deurgaans dat die taxi aan die suidkant van Kerkstraat, van die pad af, stilgehou en 'n passasier afgelaai het. Net toe hy wat Mputla is oor Kerkstraat begin draai, het die taxi skuins in Kerkstraat inbeweeg en in die bus se regtervoorkant, by die lig, vasgery. Hy het ook die mening uitgespreek dat die appellant voor die draaiende

bus probeer verbykom het of, soos hy dit ook gestel het, probeer het om kortpad te kies.

Na my oordeel is Mputla se weergawe dus nie op sigself onwaarskynlik of onmoontlik nie. Ek meen ook nie dat hy verskillende weergawes gegee het of dat die oorkonde toon dat hy ongeloofwaardig is nie. Die wesenlike vraag is dus of die appellant bewys het dat sy weergawe meer waarskynlik as dié van Maputla is.

Die wese van die appellant se weergawe is dat die bus teen hom vas gedraai het terwyl hy regmatig van oos na wes in die suidelike baan van Kerkstraat beweeg het. Die kern van Mputla se weergawe is dat die appellant van die kant van die pad af weggetrek het en voor die draaiende bus probeer verbykom het.

As die twee weergawes teen mekaar opgeweeg word, is daar geen grondslag om die een meer waarskynlik as die ander te bevind nie. Dit volg dat die appellant nie daarin geslaag het om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat sy weergawe waar en Mputla s'n vals is nie. Op Mputla se weergawe kan nie gesê word dat hy hoegenaamd nalatig was nie.

Daar was geen verskyning namens die respondent nie. Die respondent het trouens 'n kennisgewing afgelewer dat hy by die uitspraak berus. Gevolglik

is daar nie enige aanduiding dat die respondent as gevolg van die appèl koste aangegaan het nie. In die omstandighede meen ek dat geen kostebevel gemaak moet word nie.

In die omstandighede word die volgende bevel gemaak:

**Die appèl word dus van die hand gewys.**

**B. R. DU PLESSIS**

*REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF*

**Ek stem saam,**

**F.J, JOOSTE**

*WAARNEMENDE REGTER VAN HOOGGEREGSHOF*

**Ek stem saam,**

**C.J. DAVEL**

*WAARNEMENDE REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF*

---

| | |
|---|---|
| **Namens die ppellant:** | Adv. G.C. MULLER |
| **Prokureur vir die Applikant:** | BOTES Prokureurs |
| | 012 012 329 6587 / REF: M0049 |

**Geen verskyning vir die Respondent:**

| | |
|---|---|
| **Prokureur vir die Respondente:** | AP LEDWABA INC |
| | 012 342 0900 / |
| | Verw: MR MALULEKA/PR/RAF798 |

---